# 17 *Saterdag*

**SKRIFGEDEELTE: JESAJA 22:15-25 (OAV)**
**FOKUSGEDEELTE: JESAJA 22:15, 16**

**Sebna – die man wat ’n mooi graf uitgekap het**

Sebna (die Here het teruggebring) was ’n man wat baie moeite met die uitkap van sy grafsteen gedoen het. Dit moes ’n besondere grafsteen gewees het wat Sebna wou hê. Hy het homself as belangrik beskou. Hy was immers in ’n hoë posisie in diens van die koning. Die HERE Here word egter nie beindruk deur wat ons dink belangrik is nie. Nee wat, hy sal vir Sebna wegslinger, mooi grafsteen of nie. In die plek van Sebna sal hy vir Eljakim gebruik. Eljakim sal deur die Here aangetrek word (beklee word met sy amp) – hy sal in Sebna se plek ’n vaste plek in die huis van die koning inneem. Eljakim sal soos ’n eretroon vasstaan.

Doelbewus word in ons gelese gedeelte Eljakim as ’n eretroon teen Sebna se mooi uitgekerfde graf gestel. Wat het sy mooi grafsteen hom in die sak gebring? Net mooi niks! Die Here doen in ons gelese gedeelte twee dinge:

- Sebna se vernedering word uitgespreek.
- Eljakim se verhoging word uitgespreek.

In sy almag verhef Hy en verneder Hy. Sebna wou sy grafsteen mooi uitgekap *in die hoogte* laat aanbring – tussen konings en hooggeplaastes – dit alles beindruk die Here nie. Hy sal Sebna verneder en die sleutel van Dawid (simbool van beskikking oor die koningshuis) aan Eljakim gee. Jammer dat Eljakim se familie sy ondergang sou wees. Wanneer Eljakim sy posisie misbruik, dan sal die Here se oordeel hom ook tref.

Christus self, as Koning, het vernedering beleef sodat ons nooit deur God verwerp hoef te word nie. Hy het homself verneder ter wille van ons. Ter wille van ons sondes is Hy deurboor, gespot en verneder. Selfs sy kruisopskrif was ’n bespotting, nie die mooi uitgekapte grafsteen van Sebna nie, maar daardeur weet ons dat ons in Hom, deur die werking van die Heilige Gees tot kinders in die Vaderhuis verhef is. Verlostes.

Grafstene herinner ons maar net aan ons eie gebrokenheid. Die vraag is of ons in Christus kan sterf?

*Sing: Psalm 89:17 (1936)*

*Ds. JG (Hannes) Noëth (Totiusdal)*